DOCUMENT RESUME

ED 401 472 CE 073 011

AUTHOR	Jacobs, Johan
TITLE	Remuneration of Graduates, as at 1 July 1994. Engineer, Architect and Related Occupations = Vergoeding van Gegradueerdes, soos op 1 Julie 1994. Ingenieur, Argitek en Verwante Beroepe.
INSTITUTION	Human Sciences Research Council, Pretoria (South Africa).
REPORT NO	ISBN-0-7969-1760-4
PUB DATE	96
NOTE	36p.; For related reports, see ED 399 438 and CE 073 012-017.
PUB TYPE	Reports - Research/Technical (143) -- Multilingual/Bilingual Materials (171) -- Statistical Data (110)
LANGUAGE	English; Afrikaans
EDRS PRICE	MF01/PC02 Plus Postage.
DESCRIPTORS	*Architects; *Compensation (Remuneration); *Engineers; Foreign Countries; Fringe Benefits; Geographic Regions; Graduate Surveys; Higher Education; *Outcomes of Education; Private Sector; Public Sector; Racial Differences; Salary Wage Differentials; Self Employment; Sex Differences; Tables (Data); *Technical Education; *Wages
IDENTIFIERS	*South Africa

ABSTRACT

This document, which is based on data gathered during a September 1994 mail survey of 215,284 South African graduates that elicited a total response rate of 18.3%, details the remuneration of graduates (as of July 1, 1994) in a wide range of engineering and architecture-related occupations in the public and private sectors and in self-employment. Presented first are brief descriptions of the survey group, survey questionnaire, procedures used to analyze/present the data, and nature/scope of data reported under the following categories: salary, fringe benefits, package, percentile value, occupation, employer sector, geographical distribution, post level, age/years of work experience, employment status/working hours, and economic sector. The nine tables constituting the remainder of the document present data on the following: median income of graduates working full time according to employer sector/occupation (overall and by gender), occupation/region/employer sector; occupation/post level/employer sector; occupation/work experience/employer sector; and occupation/working hours/employer sector; median income of full-time employees and self-employed persons according to occupation/economic sector; comparison of the income of men and women working full time according to occupation/work experience; and median income of graduates working full time according to occupation/work experience/population group/employer sector and field and level of study and employer sector. Included in the document are English and Afrikaans versions of the study report. (MN)

ED 401 472

3 Engineer, Architect & related CE

REMUNERATION OF GRADUATES

U.S. DEPARTMENT OF EDUCATION
Office of Educational Research and Improvement
EDUCATIONAL RESOURCES INFORMATION CENTER (ERIC)

☐ This document has been reproduced as received from the person or organization originating it.

☐ Minor changes have been made to improve reproduction quality.

• Points of view or opinions stated in this document do not necessarily represent official OERI position or policy.

"PERMISSION TO REPRODUCE THIS MATERIAL HAS BEEN GRANTED BY

TO THE EDUCATIONAL RESOURCES INFORMATION CENTER (ERIC)."

VERGOEDING VAN GEGRADUEERDES

3 Ingenieur, Argitek en verwant

BEST COPY AVAILABLE

Remuneration of graduates

as at 1 July 1994

Vergoeding van gegradueerdes

soos op 1 Julie 1994

Engineer, architect and related occupations

Ingenieur, argitek en verwante beroepe

Remuneration of graduates

as at 1 July 1994

Vergoeding van gegradueerdes

soos op 1 Julie 1994

Johan Jacobs

Administrative support:-
Helmien Craemer
Annetjie Verster

Johan Jacobs

Administratiewe ondersteuning:-
Helmien Craemer
Annetjie Verster

Engineer, architect and related occupations

Ingenieur, argitek en verwante beroepe

Human Sciences Research Council **Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing**

Pretoria
1996

© 1996, Human Sciences Research Council

All rights reserved

No part of this report may be reproduced or transmitted in any form or by any means, electronic or mechanical, including photo-copying, recording or by any information storage and retrieval system, without permission in writing from the publisher.

ISBN 0-7969-1760-4

Human Resources Information and Planning
Head : Elize van Zyl

Group Human Resources
Executive Director: Sunette van der Walt

HSRC Publishers
Private Bag X41
0001 Pretoria

© 1996, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Alle regte voorbehou

Geen gedeelte van hierdie verslag mag gereproduseer word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, insluitende fotokopiëring, plaat- en bandopname of deur enige inligtingsbewaring- en ontsluitingstelsel, sonder skriftelike verlof van die uitgewer nie.

ISBN 0-7969-1760-4

Menslike Hulpbron Inligting en Beplanning
Hoof : Elize van Zyl

Groep Menslike Hulpbronne
Uitvoerende Direkteur: Sunette van der Walt

RGN-uitgewers
Privaatsak X41
0001 Pretoria

The remuneration of graduates in the undermentioned occupations is analysed in this report. A list of available reports is given on the back cover.

Die vergoeding van gegradueerdes in die ondergemelde beroepe word in hierdie verslag ontleed. 'n Lys van beskikbare verslae verskyn op die agterblad.

ENGINEER

- Industrial/production engineer
- Chemical engineer
- Electrical engineer and related
  - Electrical engineer
  - Electronic engineer
- Agricultural engineer
- Mechanical engineer
- Metallurgical engineer
- Mining engineer
- Civil engineer

- Quality controller

INGENIEUR

- Bedryfs-/ produksie-ingenieur
- Chemiese ingenieur
- Elektriese en verwante ingenieur
  - Elektriese ingenieur
  - Elektroniese ingenieur
- Landbouingenieur
- Meganiese ingenieur
- Metallurgiese ingenieur
- Mynbouingenieur
- Siviele ingenieur

- Kwaliteitskontroleur

ARCHITECT AND RELATED OCCUPATIONS

- Architect
- Quantity surveyor
- Town and regional planner
- Land surveyor

ARGITEK EN VERWANTE BEROEPE

- Argitek
- Bourekenaar
- Stads- en streeksbeplanner
- Landmeter

CONTENTS

Page

List of tables ---------- iv

1 Introduction ---------- 1

2 Survey group and questionnaire ---------- 1

3 Explanatory remarks ---------- 2

4 Analysis and findings ---------- 6

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Lys van tabelle ---------- v

1 Inleiding ---------- 1

2 Ondersoekgroep en vraelys ---------- 1

3 Verduidelikende opmerkings ---------- 2

4 Ontledings en bevindinge ---------- 6

LIST OF TABLES

Page

Table 1(a): Median income of graduates working full time according to employer sector and occupation
- Employees: public sector ---- 8
- Employees: private sector ---- 9
- Self-employed ---- 9

Table 1(b): Median income of graduate men working full time according to employer sector and occupation
- Male employees: public sector ---- 10
- Male employees: private sector ---- 11
- Self-employed males ---- 11

Table 1(c): Median income of graduate women working full time according to employer sector and occupation
- Female employees: public sector ---- 12
- Female employees: private sector ---- 12
- Self-employed females ---- 12

Table 2 : Median income of graduates working full time according to occupation, region and employer sector ---- 13

Table 3 Median income of graduates working full time according to occupation, post level and employer sector ---- 15

Table 4 : Median income of graduates working full time according to occupation, work experience and employer sector ---- 17

Table 5 : Median income of graduates according to occupation, working hours and employer sector ---- 19

Table 6 : Median income of full time employees and self-employed persons according to occupation and economic sector ---- 20

Table 7 : Comparison of the income of men and women working full time according to occupation and work experience
- Employees: public sector ---- 22
- Employees: private sector ---- 22

Table 8 : Median income of graduates working full time according to occupation, work experience, population group and employer sector ---- 23

Table 9 : Median income of graduates working full time according to field and level of study and employer sector ---- 24

LYS VAN TABELLE

Bladsy

Tabel 1(a) : Mediaaninkomste van gegradueerdes wat voltyds werk volgens werkgewersektor en beroep

Werknemers: openbare sektor ---- 8
Werknemers: private sektor ---- 9
Selfgeëmplojeerd ---- 9

Tabel 1(b) : Mediaaninkomste van gegradueerde mans wat voltyds werk volgens werkgewersektor en beroep

Manlike werknemers: openbare sektor ---- 10
Manlike werknemers: private sektor ---- 11
Selfgeëmplojeerde mans ---- 11

Tabel 1(c) : Mediaaninkomste van gegradueerde vroue wat voltyds werk volgens werkgewersektor en beroep

Vroulike werknemers: openbare sektor ---- 12
Vroulike werknemers: private sektor ---- 12
Selfgeëmplojeerde vroue ---- 12

Tabel 2 : Mediaaninkomste van gegradueerdes wat voltyds werk volgens beroep, geografiese gebied en werkgewersektor ---- 13

Tabel 3 : Mediaaninkomste van gegradueerdes wat voltyds werk volgens beroep, posvlak en werkgewersektor ---- 15

Tabel 4 : Mediaaninkomste van gegradueerdes wat voltyds werk volgens beroep, werkervaring en werkgewersektor ---- 17

Tabel 5 : Mediaaninkomste van gegradueerdes volgens beroep, werkure en werkgewersektor ---- 19

Tabel 6 : Mediaaninkomste van voltydse werknemers en selfgeëmplojeerde persone volgens beroep en ekonomiese sektor ---- 20

Tabel 7 : Vergelyking van die inkomste van mans en vroue wat voltyds werk volgens beroep en werkervaring

Werknemers: openbare sektor ---- 22
Werknemers: private sektor ---- 22

Tabel 8 : Mediaaninkomste van gegradueerdes wat voltyds werk volgens beroep, werkervaring, bevolkingsgroep en werkgewersektor ---- 23

Tabel 9 : Mediaaninkomste van gegradueerdes wat voltyds werk volgens studierigting, kwalifikasievlak en werkgewersektor ---- 24

The information of this and previous surveys has been computerised and further analyses according to qualifications, field of study, population group, gender, years work experience, age, postal codes, employer, industry, fringe benefits etcetera are possible. For instance, it is possible to compile incomes for specific occupations and occupational groups in a specific region or town. A breakdown of the salary and fringe benefits can also be given according to any combination of the above variables. It is also possible to provide the incomes of graduates with specific majors according to the level of their (highest) qualification. Information is available not only for occupations covered in this report but for graduates in all occupations and fields of study.

Users with particular needs can contact the HSRC for additional analyses. (Tel: (012) 202-2760)

Die inligting van hierdie en vorige opnames is op rekenaardatastelle aangeteken en verdere ontledings volgens kwalifikasie, studierigting, bevolkingsgroep, geslag, jare werkervaring, ouderdom, poskode, werkgewer, bedryf, byvoordele ensovoorts is moontlik. Dit is byvoorbeeld moontlik om inkomstes vir spesifieke beroepe en beroepsfamilies in 'n spesifieke streek or dorp saam te stel. Die samestelling van die salaris en byvoordele kan ook gegee word volgens enige kombinasie van bogenoemde veranderlikes. Dit is ook moontlik om die inkomste van gegradueerdes met spesifieke hoofvakke volgens die vlak van hulle (hoogste) kwalifikasie te verskaf. Benewens vir beroepe in hierdie verslag, is inligting ook vir alle ander beroepe wat gegradueerdes beoefen en studierigtings beskikbaar.

Gebruikers wat besondere behoeftes het, kan die RGN vir bykomende ontledings nader. (Tel: (012) 202-2760)

1. INTRODUCTION

Remuneration is probably one of the most important motivating factors in modern society as it greatly affects the satisfaction of our needs and expectations. It plays an important role in the supply and demand situation of human resources and the utilization of labour in a country. As wage levels are continuously changing, regular surveys are necessary to monitor trends over a period of time.

Since 1971 the HSRC has undertaken regular surveys of the occupational incomes of graduates. This is the twelfth survey in the series and is the first since 1981 to include all graduates simultaneously. The aim of this report is to analyse and reflect the occupational income of the following occupations as at 1 July 1994: engineers, architects, quantity surveyors, town and regional planners and land surveyors.

The information is widely used by career guidance teachers, councellors and prospective students to determine the profitability of careers. Tertiary education planners use the information to evaluate the financial returns on tertiary education and specific fields of study. Employers and human resource managers find it very useful in compiling income packages. It also provides a basis for salary negotiations in the case of employees and employee organizations. Furthermore legal practitioners and actuaries use the information to establish the potential lifetime earnings of people for third party claim purposes.

1. INLEIDING

Vergoeding van arbeid is seker een van die belangrikste motiverende faktore in die moderne samelewing omdat dit 'n invloed uitoefen op die bevrediging van behoeftes en verwagtinge van die mens. Dit speel 'n belangrike rol in die vraag- en aanbodsituasie van menslike hulpbronne asook die uiteindelike benutting van arbeid in 'n land. Vergoedingstrukture verander voortdurend en gereelde opnames is dus noodsaaklik om tendense te monitor.

Die RGN onderneem sedert 1971 gereelde opnames oor die beroepsinkomste van gegradueerdes. Hierdie is die twaalfde opname in die reeks en is die eerste opname sedert 1981 waarin alle gegradueerdes gelyktydig betrek word. Die doel met hierdie verslag is om die beroepsinkomste van die volgende beroepe soos op 1 Julie 1994 te ontleed en weer te gee: ingenieurs, argitekte, bourekenaars, stads- en streeksbeplanners en landmeters.

Die inligting word dikwels deur loopbaanvoorligters en voornemende studente gebruik om die winsgewendheid van loopbane te bepaal. Tersiêre onderwysbeplanners gebruik die inligting om die finansiële voordeel van tersiêre onderwys en studierigtings te evalueer. Werkgewers en menslike hulpbronbestuurders vind die inligting baie nuttig om inkomstepakette saam te stel. Dit dien ook as basis vir salarisonderhandelings in die geval van werknemers en werknemerorganisasies. Verder gebruik regspraktisyns en aktuarisse die inligting om die potensiële verdienste van persone oor 'n leeftyd te raam vir onder andere derdeparty-eise.

2. SURVEY GROUP AND QUESTIONNAIRE

The most comprehensive source of names and addresses of graduates residing in South Africa is the HSRC Register of Graduates. The Register contains information on approximately 420000 graduates. The information is obtained from universities and individuals. The Register is maintained continuously by updating existing records (using information obtained from graduates as well as universities), removing obsolete records (such as those of deceased persons and emigrants) and adding information on new graduates. Details such as population group, gender, date of birth, preferred language of correspondence, postal address and educational qualifications (level, field of study, institution where obtained and year awarded) are recorded in the Register.

During September 1994 postal questionnaires were sent to 215284 graduates on the Register. In total, 39495 completed questionnaires were returned. This represents a total response rate of 18,3%.

The following information (as at 1 July 1994) not included in the Register was obtained by means of this questionnaire: the respondent's occupation, work status, employer, number of hours and weeks spent on occupational activities, years of work experience, economic sector, post level, professional registration as well as salary and the financial value of fringe benefits.

2. ONDERSOEKGROEP EN VRAELYS

Die omvattendste bron wat name en adresse van gegradueerdes woonagtig in Suid-Afrika bevat, is die RGN se Register van Gegradueerdes. Die Register bevat inligting oor ongeveer 420000 gegradueerdes wat verkry word vanaf universiteite en indiwidue. Die Register word voortdurend in stand gehou deur bestaande rekords op te dateer (d.m.v. inligting wat van gegradueerdes en universiteite ontvang word), verouderde rekords (byvoorbeeld oorledenes en emigrante) te skrap en die gegewens van pasgegradueerdes by te voeg. Besonderhede van gegradueerdes soos bevolkingsgroep, geslag, geboortedatum, korrespondensietaal, posadres en opvoedkundige kwalifikasies behaal (peil, studierigting, instelling waar behaal en jaar toegeken) word op die Register aangeteken.

Gedurende September 1994 is posvraelyste aan 215284 gegradueerdes op die Register gestuur. In totaal is 39495 voltooide vraelyste terug ontvang. Dit verteenwoordig 'n totale deelnamekoers van 18,3%.

Die volgende bykomende inligting (soos op 1 Julie 1994) tot die beskikbare gegewens op die Register is deur middel van die vraelys ingewin: die respondent se beroep, werkstatus, werkgewer, werkure en werkweke aan beroepsaktiwiteite bestee, jare werkervaring, ekonomiese sektor, posvlak, professionele registrasie, asook salaris en die finansiële waarde van byvoordele.

The respondents' anonymity was protected throughout and at no time was a respondent's name linked to a completed questionnaire. The analyses in this report are also presented in such a way that the anonymity of individuals is safeguarded. For example, analyses for categories with less than ten persons are not given.

Die anonimiteit van respondente is deurgaans gehandhaaf deurdat geen naam of adres aan 'n voltooide vraelys gekoppel is nie. Ontledings in hierdie verslag word ook so aangebied dat die anonimiteit van individue beskerm word. Ontledings van kategorieë met minder as tien persone word byvoorbeeld nie verstrek nie.

The Register includes more than 60% of the graduate population of South Africa. The particulars of persons who did not take part in the survey would therefore have to differ dramatically from those of the respondent group to result in the Register being unsuitable for the purpose of this survey.

Die Register sluit na raming meer as 60% van die gegradueerde bevolking van Suid-Afrika in. Die besonderhede van persone wat nie aan die opname deelgeneem het nie, sou dus dramaties van besonderhede van die respondentegroep moes verskil om die Register vir die doel van hierdie opname onbruikbaar te maak.

Although the response rate of 18,3% compares poorly with previous surveys (38% in 1990 and 30% in 1991), it is still relatively good for a postal survey in which data concerning income is gathered.

Alhoewel die deelnamekoers van 18,3% swak met vorige opnames vergelyk (38% in 1990 en 30% in 1991), is dit steeds relatief goed vir 'n posopname wat inkomstedata insamel.

The extent to which the respondent group represents the Register, was checked by comparing the biographic particulars of the respondent group (N=39495) with those of the survey group (N=420000). The comparison showed that the biographic particulars of the two groups differed hardly at all.

In watter mate die respondentegroep die Register verteenwoordig, is nagegaan deur die biografiese besonderhede van die respondentegroep (N=39495) met die biografiese besonderhede van alle gegradueerdes op die Register (N=420000) te vergelyk. Die vergelyking het getoon dat die biografiese gegewens van die twee groepe weinig verskil.

It can therefore be accepted with a reasonable degree of confidence that the findings give a good indication of the occupational income of graduates in South Africa.

Daar kan dus met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die ontledings 'n goeie aanduiding gee van die beroepsinkomste van gegradueerdes in Suid-Afrika.

3. EXPLANATORY REMARKS

The following explanatory remarks are necessary for the interpretation of the analyses:

3.1 Remuneration

Respondents were asked to indicate the financial remuneration (before any tax or other deductions) received from the following sources as a result of the direct pursuit of their occupation:

3.1.1 Salary

- *Basic salary/income:* With regard to employees basic salary refers to the gross salary received before any deductions. In the case of self-employed persons, income includes the net income from the direct pursuit of the occupation prior to taxation.
- *Allowances* received e.g. salary, occupational allowances.
- *Director's fees* obtained as a result of the pursuit of the occupation that was indicated.
- *Overtime or related salaried work done after hours.*
- *Commission* earned.
- Income derived from *consultation.*
- Income derived from *lecturing in a part-time capacity.*
- *Profit sharing, trade or production bonus.*
- *Cash bonus* e.g. 13th cheque, service or holiday bonus.

3. VERDUIDELIKENDE OPMERKINGS

Vir die interpretasie van die ontledings is die volgende verduidelikende opmerkings nodig:

3.1 Vergoeding

Die respondente is versoek om die finansiële vergoeding (voor enige belasting of ander aftrekkings) ontvang as gevolg van die direkte beoefening van hulle beroep uit die volgende bronne te verstrek:

3.1.1 Salaris

- *Basiese salaris/inkomste:* Ten opsigte van werknemers verwys die basiese salaris na die bruto salaris wat ontvang word voor enige aftrekkings. Vir selfgeëmplojeerdes sluit dit die netto inkomste in wat verkry word uit die direkte beoefening van die beroep voor belasting.
- *Toelaes* verkry soos byvoorbeeld salaris-, beroepstoelaes.
- *Direkteursgelde* verkry uit die beoefening van die aangeduide beroep.
- *Oortyd of verbandhoudende na-uurse werk.*
- *Kommissie* verdien.
- Inkomste verdien deur *konsultasie.*
- Inkomste verdien deur *deeltydse onderrig.*
- *Winsdelings-, handels- of produksiebonus.*
- *Kontantbonus* soos byvoorbeeld 13e tjek, diens- of vakansiebonus.

BEST COPY AVAILABLE

3.1.2 Fringe benefits

The cash value of fringe benefits was taken into consideration in determining the income package. In the questionnaire respondents were asked to indicate according to a list of fringe benefits whether or not they received such benefits and, if they did, what they considered the average annual value of such benefits to be.

The following fringe benefits were identified and included in the *package*:

- *Pension* - refers to the employer's contribution to a pension or endowment fund.
- *Medical* - refers to the employer's contribution to a medical fund.
- *Transport or petrol allowance* - refers to the estimated cash value of a company or subsidised vehicle for private use as well as any transport or petrol allowance.
- *Entertainment allowance.*
- *Housing* - refers to a housing subsidy received from an employer or the cash value of a lower (subsidised) interest rate or housing or lodging at a low rental, low tariff or free. In the latter case respondents were asked to indicate the difference between the normal tariff and the actual amount paid.
- *Other fringe benefits* such as employer's contribution towards clothing, telephone, insurance premiums, study aid, subsidised purchases, cafeteria facilities, etcetera.

3.1.3 Package

Package refers to the total income package. It is the *salary* plus *fringe benefits* from the above sources. To calculate this, the salary and financial value of fringe benefits of only the respondents who answered the question on fringe benefits were taken into account. The number of persons in the salary and package columns may differ because those who did not answer the fringe benefits question or indicated that they received the benefit but did not give a cash value, were not included in calculating the median of the income package.

Some people did not give a breakdown of their income while others provided only a portion of their salary. In calculating the median *salary* these doubtful cases were not taken into account. However, they were included in calculating the median *package* when the value of the total *package* was clearly indicated.

3.2 Percentile value

Salary and income package figures are indicated by means of percentile values. The percentile values 25, 50(Me) and 75 are used in the tables. The percentile value 25, also called the first quartile value, indicates the point where 25% of a specific group of persons received **less** and 75% receive **more** than the income indicated. The fiftieth percentile value, also called the median (Me), indicates the point where 50% of a group receive **less** and 50% receive **more** than the income indicted. For the purpose of analysing income levels, the median value is regarded as a better index than the arithmetic mean as it is less sensitive to extremely high or extremely low income values. Please note that the percentile values above and below the median, in other words the 25 and

3.1.2 Byvoordele

Die geldwaarde van byvoordele is by die bepaling van die inkomstepakket in ag geneem. In die vraelys is respondente versoek om teenoor 'n lys van byvoordele aan te dui of hulle die byvoordeel van hul werkgewer ontvang of nie, en indien wel, wat, na hul mening, die gemiddelde jaarlikse waarde daarvan is.

Die volgende byvoordele is onderskei en ingesluit by die *pakket*:

- *Pensioen* - verwys na die werkgewer se bydrae tot 'n pensioen- of voorsorgfonds.
- *Medies* - verwys na die werkgewer se bydrae tot 'n mediese fonds.
- *Vervoer of petroltoelae* verwys na die geraamde kontantvoordeel van 'n maatskappy of gesubsidieerde voertuig vir private gebruik asook enige vervoer- of petroltoelae.
- *Onthaaltoelae.*
- *Behuising* - verwys na 'n behuisingsubsidie ontvang van 'n werkgewer of die kontantwaarde van 'n laer (gesubsidieerde) rentekoerslening of huisvesting of losies teen 'n laer huur, laer tarief of gratis. Die respondent is gevra om in laasgenoemde geval die verskil tussen die markverwante tarief en dit wat hy werklik betaal, aan te dui.
- *Ander byvoordele*, soos werkgewer se bydrae tot klere, telefoon, versekeringspremies, studiehulp, gesubsidieerde aankope, kafeteriafasiliteite, ensovoorts.

3.1.3 Pakket

Pakket verwys na die totale inkomstepakket. Dit is die *salaris* plus *byvoordele* uit bogenoemde bronne. Om dit te bereken, is slegs die respondente wat die vraag oor byvoordele beantwoord het se salaris en finansiële byvoordele in berekening gebring. Die getal persone in die salaris- en pakketkolomme mag verskil aangesien persone wat die byvoordelevraag nie beantwoord het nie of aangetoon het dat hulle 'n byvoordeel ontvang en dan nie 'n Randwaarde aangedui het nie, buite rekening gelaat is in die berekening van die mediaanpakket.

In sommige gevalle het persone nie 'n verdeling van hulle inkomste aangedui nie of slegs 'n gedeelte van hulle salaris aangedui. In hierdie gevalle is die indiwidue by die berekening van die mediaansalaris buite rekening gelaat. Hierdie persone is egter wel ingesluit by die berekening van die mediaan van die *pakket* indien hulle die totale *pakket* se waarde duidelik aangedui het.

3.2 Persentielwaarde

Salaris- en inkomstepakketsyfers word met behulp van persentielwaardes aangedui. Die persentielwaardes 25, 50(Me) en 75 word in die tabelle gebruik. Die persentielwaarde 25, of ook genoem die eerste kwartielwaarde, dui die punt aan waar 25% van 'n spesifieke groep persone **minder** en 75% van die groep **meer** as die aangeduide inkomste ontvang. Die vyftigste persentielwaarde, ook die mediaan (Me) genoem, dui die punt aan waar 50% van 'n groep **minder** en 50% van die groep **meer** as die aangeduide inkomste ontvang. Vir die doeleindes van ontledings van inkomstes word die mediaanwaarde as 'n beter indeks beskou as die rekenkundige gemiddelde, omdat dit minder gevoelig is vir uiters hoë of lae inkomstewaardes. Daar moet ook

75 percentile values, indicate the range of income values in a specific occupational group.

For example, if the percentile values for a particular occupation are indicated as R100000 (25%), R144000 (Me) and R200000 (75%) per annum, this means **(a)** that 50% of the persons in that occupation earn less and 50% earn more than R144000 per annum, **(b)** that 50% (difference between 25% and 75%) of the persons indicated that they earn between R100000 and R200000 per annum and **(c)** that 25% of the persons (or one out of every 4) earn more than R200000 per annum.

3.3 Occupation

Respondents were requested to indicate the occupation they were practising (or the one to which they devoted most of their time) as at 1 July 1994. A functional description, irrespective of training, qualifications or rank was requested.

The occupational titles indicated by the respondents were used to classify them according to occupational categories. This means that a lecturer or a manager with an engineering qualification was not classified as engineer, but rather as lecturer or manager respectively.

The *Standard Occupational Classification*[1] was used as a base to classify the occupations and to group them into unit and major groups.

3.4 Employer sector

Three main employer categories *viz.* ***public sector, private sector*** and ***self-employed*** were distinguished in the analyses. The respondents were asked to choose the employer where they practised their occupations from the following:

(a) *Employees in the public sector*

The following employer sectors jointly form the public sector:

- Government: people employed by central government or provincial administrations.
- Regional or local authorities (e.g. town or city councils).
- Universities and technikons.
- Other semi-government: i.e. employees of government-controlled or government-aided organisations, e.g. HSRC, CSIR, control boards, SABS.

(b) *Employees in the private sector*

The following employer categories are included in this sector:

- Public corporations (e.g. SABC, ESCOM, ARMSCOR, Rand Water Board).
- Professional practices (e.g. those of auditors, attorneys).

daarop gelet word dat die persentielwaardes weerskante van die mediaan, met ander woorde die 25 en 75 persentielwaardes, die spanwydte van inkomstewaardes in 'n spesifieke beroepsgroep aandui.

Byvoorbeeld, indien die persentielwaardes vir 'n spesifieke beroep aangedui word as R100000 (25%), R144000 (Me) en R200000 (75%) per jaar, beteken dit **(a)** dat 50% van die persone in daardie beroep minder en 50% meer as R144000 per jaar verdien, **(b)** dat 50% (die verskil tussen 25% en 75%) van die persone aangetoon het dat hulle 'n inkomste tussen R100000 en R200000 per jaar ontvang en **(c)** dat 25% van die persone (of een uit elke 4) meer as R200000 per jaar verdien.

3.3 Beroep

Die respondente is versoek om die beroep wat hulle op 1 Julie 1994 beoefen het (of waaraan die meeste tyd bestee is) aan te dui. 'n Funksionele omskrywing van die beroep, ongeag opleiding, kwalifikasies of rang is gevra.

Die beroepsbenaming wat die respondent aangedui het, is gebruik om die respondent in 'n beroepskategorie te klassifiseer. Dit beteken dat 'n lektor of bestuurder met 'n kwalifikasie in ingenieurswese nie by ingenieurs nie, maar wel by lektore of bestuurders gegroepeer is.

Die *Standaardberoepsklassifikasie*[1] is as basis gebruik om die beroepe te klassifiseer en in eenheidsgroepe en hoofgroepe te groepeer.

3.4 Werkgewersektor

In die ontledings word drie hoofwerkgewersektore onderskei naamlik ***openbare sektor, private sektor*** en ***selfgeëmplojeerd***. Die respondente is versoek om die werkgewer waar hulle hul beroepe beoefen uit een van die volgende te kies.

(a) *Werknemers in die openbare sektor*

Die volgende werkgewers vorm gesamentlik die openbare sektor:

- Staat: werknemers van die sentrale owerheid of provinsiale administrasies.
- Streeks- of plaaslike owerhede (bv stads- of dorpsrade).
- Universiteite en technikons.
- Ander semi-staat instellings: d.w.s. werknemers van staatsbeheerde of staatsondersteunde organisasies, byvoorbeeld die RGN, WNNR, beheerrade, SABS.

(b) *Werknemers in die private sektor*

Die volgende werkgewerkategorieë word in hierdie sektor ingesluit:

- Openbare korporasies (byvoorbeeld SAUK, ESKOM, KRYGKOR, Randwaterraad).
- Professionele praktyke (byvoorbeeld dié van ouditeure, prokureurs).

---

[1] Central Statistical Services 1986. Pretoria.
Standard Classification of Occupations. Report 09-90-01.

Sentrale Statistiekdiens 1986. Pretoria.
Standaardberoepsklassifikasie. Verslag 09-90-01.

- Business enterprises (e.g. close corporations or companies).
- Non-government organisations without profit motive (e.g. churches, welfare organisations, trade unions).

(c) *Self-employed persons*

This sector refers to persons who work for themselves and includes (1) partners in professional concerns and/or (2) directors of a **personal** private practice, concern or business.

3.5 Geographical distribution

The postal codes of the postal addresses were used to group the respondents according to the nine provinces and larger metropolitan areas. The following areas are distinguished in this report:

- *Johannesburg* includes Halfway House, Lenasia, Randburg, Sandton and Soweto
- *Pretoria* includes Verwoerdburg, Mamelodi, Laudium Atteridgeville, Soshanguve, Wonderboom & Akasia
- *Rest of Gauteng*
- *Mpumalanga*
- *Northern Province*
- *North West*
- *Durban, Pinetown* includes Amanzimtoti & Isipingo
- *Rest of KwaZulu/Natal*
- *Eastern Cape*
- *Cape Town* includes Bellville and Kuils River
- *Rest of the Western Cape*
- *Northern Cape*
- *Free State.*

3.6 Post level

Respondents indicated the post level which they occupied in their occupation. The following levels were identified:

- *learner/intern/articled clerk*
- *junior level*
- *middle level*
- *senior level*
- *top level.*

3.7 Age and years of work experience

When comparing income it is important to take the effect of years of work experience into account. Respondents were asked to indicate the number of years of working experience since entering the labour market, irrespective of employer, occupation or rank (vacation work and military service excluded). The respondents' age was obtained from the Register of graduates.

3.8 Employment status and working hours

People working full time, usually earn substantially more

- Besigheidsondernemings (byvoorbeeld beslote korporasies of maatskappye).
- Nie-staatsinstellings sonder winsmotief (byvoorbeeld kerke, welsynsorganisasies, vakunies).

(c) *Selfgeëmplojeerdes*

Hierdie sektor verwys na persone wat vir hulself werk en sluit in (1) vennote van professionele ondernemings en/of (2) direkteure van 'n **persoonlike** private praktyk, onderneming of besigheid.

3.5 Geografiese verspreiding

Die poskodes van die posadresse is gebruik om die respondente volgens die nege provinsies en groter stedelike sentra in te deel. Die volgende gebiede word in hierdie verslag onderskei:

- *Johannesburg* sluit Halfweghuis, Lenasia, Randburg, Sandton en Soweto in
- *Pretoria* sluit Verwoerdburg, Mamelodi, Laudium Atteridgeville, Soshanguve, Wonderboom & Akasia in.
- *Res van Gauteng*
- *Mpumalanga*
- *Noordelike Provinsie*
- *Noordwes*
- *Durban, Pinetown* sluit Amanzimtoti en Isipingo in
- *Res van KwaZulu/Natal*
- *Oos-Kaap*
- *Kaapstad* sluit Bellville en Kuilsrivier in
- *Res van die Wes-Kaap*
- *Noord-Kaap*
- *Vrystaat.*

3.6 Posvlak

Die respondente het die posvlak wat hulle in die beroep beklee aangetoon. Die volgende posvlakke is onderskei:

- *leerling/intern/ingeskrewe klerk*
- *junior vlak*
- *middel vlak*
- *senior vlak*
- *top vlak.*

3.7 Ouderdom en jare werkervaring

In die vergelyking van inkomstes is die invloed van jare werkervaring 'n belangrike faktor om in berekening te bring. Respondente is versoek om hul jare werkervaring waarvoor vergoeding ontvang is sedert hulle tot die arbeidsmag toegetree het, ongeag werkgewer, beroep of rang (vakansiewerk en diensplig uitgesluit) aan te dui. Respondente se ouderdom is van die Register van gegradueerdes verkry.

3.8 Werkstatus en werkure

Persone wat voltyds werk, verdien normaalweg heelwat

than part time workers. Respondents were therefore asked to indicate whether they practised their occupations on a full time or part time basis. In addition to this, the number of hours people devote to the pursuit of their occupations also have an effect on their income. Respondents were therefore also asked to indicate the number of hours per week (i.e. office hours, overtime and after hours) normally devoted to occupational activities. Since leave also affect time spent on the specific career, respondents were asked to indicate the number of working weeks per annum normally devoted to occupational activities. By using the indicated working hours and working weeks, the working hours of the respondents were adjusted $\left\{\frac{hours \times working\ weeks}{52}\right\}$ to obtain the actual time devoted to the occupation.

Working hours were used to classify people as working full time or part time in the cases where individuals did not indicate their employment status. The tables reflect the income of graduates working full time only. However, Table 5 includes graduates working part-time and gives a breakdown according to working hours.

3.9 Economic sector

Respondents chose the main activity or business of their employer from the following industries:

- Agriculture, forestry and fishing
- Mining and quarrying
- Manufacturing (including processing, printing and publishing)
- Electricity, gas and water supply (including production, purification and distribution)
- Building and construction
- Commerce (wholesale, retail and motor trade, repair, catering and accommodation services)
- Transport, storage and communication
- Financial, insurance, real estate and business services
- Community, welfare and personal services.

4. ANALYSES AND FINDINGS

The most important results of the survey appear in Tables 1 to 9. The tables are mostly self-explanatory and are not discussed in detail.

When comparing the income of the different categories it is important that working experience (and relating age) and the number of hours worked be kept in mind. This information is therefore also shown in the tables. For example, employees in the public sector usually have more working experience than their counterparts in the private sector. Self-employed persons usually have more experience and work longer hours than employees.

Categories with less than ten persons are not shown in the tables to safeguard anonymity and to ensure that the income figures indicated are based on information received from a reasonable number of respondents. The information on these categories was, however, included

meer as deeltydse werkers. Daarom is respondente versoek om aan te dui of hulle die beroep voltyds of deeltyds beoefen. Hierbenewens het die aantal werkure wat persone aan die beoefening van hulle beroep bestee, net so 'n groot invloed op hulle inkomste. Respondente is daarom ook versoek om die aantal ure aan te dui wat normaalweg per week (dit is kantoorure, oortyd en nauurs) aan die beoefening van die betrokke beroep bestee word. Aangesien verlof ook 'n invloed op die tyd wat aan die spesifieke beroep bestee word, uitoefen, is respondente verder versoek om die aantal werkweke per jaar aan te dui wat normaalweg aan die beoefening van die beroep bestee word. Met behulp van die aangeduide werkure en werkweke is beroepsbeoefenaars se werkure aangepas $\left\{\frac{ure \times werkweke}{52}\right\}$ om die werklike tyd te bepaal wat aan die beoefening van die beroep bestee is.

In gevalle waar twyfel oor 'n persoon se werkstatus bestaan het, is die werkure gebruik om 'n persoon as voltyds of deeltyds te klassifiseer. In die tabelle is slegs persone wat voltyds werk ingesluit. Tabel 5 verskaf egter inligting vir voltydse sowel as deeltydse persone volgens ure per week gewerk.

3.9 Ekonomiese sektor

Die respondente het die vernaamste aktiwiteit of besigheid waarby hulle werkgewer betrokke is, uit die volgende bedrywe gekies:

- Landbou, bosbou en visserye
- Mynwese en steengroefwerk
- Fabriekswese (insluitend vervaardiging, verwerking, drukwerk en uitgewery)
- Elektrisiteit, gas en watervoorsiening (insluitend opwekking, produksie, suiwering en verspreiding)
- Bou en konstruksie
- Handel (groot-, klein - en motorhandel, herstelwerk, spyseniering- en akkommodasiedienste)
- Vervoer, opberging en kommunikasie
- Finansiële, versekerings-, vaste-eiendom en besigheidsdienste
- Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste.

4. ONTLEDINGS EN BEVINDINGE

Die belangrikste resultate van die opname verskyn in tabelle 1 tot 9. Die tabelle is grootliks selfverduidelikend en word dus nie in besonderhede bespreek nie.

Wanneer die inkomste in verskillende kategorieë met mekaar vergelyk word, is dit belangrik om werkervaring (en ouderdom wat hiermee verband hou) en werkure in gedagte te hou. Om hierdie rede word dié inligting ook in die tabelle gegee. In die algemeen beskik werknemers in die openbare sektor byvoorbeeld oor meer werkervaring as hulle eweknieë in die private sektor. Selfgeëmplojeerdes het gewoonlik ook meer werkervaring en werk langer ure as werknemers.

Indien minder as tien persone in 'n kategorie voorkom, word die inligting nie in die tabelle aangetoon nie om die anonimiteit van respondente te beskerm en ook om te verseker dat die aangeduide inkomstesyfers gebaseer is op 'n redelike aantal respondente se inligting. Hierdie

in the calculations of subtotals of the income figures for the different occupational groups.

It will be noticed that all the occupations are not analysed according to all the variables. The main reason for this is that the number of persons in certain categories is too small with the result that meaningful analyses of those groups were not possible.

Table 1 reflects the income of graduates working full time according to employer sector and occupation. Separate tables are also given for men and women.

In addition to employer sector and occupation a further breakdown is given in Tables 2 to 8 according to geographical region, post level, work experience, working hours, economic sector, gender and population group. In these tables subtotals are not given for all the occupations. Occupational headings therefore do not necessarily apply to the occupations which follow.

The field of study and level of qualification referred to in Table 9 are the highest a person has attained. In the case where a person obtained more than one degree on the same level, the most recent qualification was used for the classification.

kategorieë se inligting is wel in aanmerking geneem by die berekening van subtotale van die inkomstesyfers vir die verskillende beroepsgroepe.

Daar sal opgemerk word dat al die beroepe nie volgens al die veranderlikes ontleed word nie. Die rede hiervoor is dat die getal persone in sekere kategorieë te klein is, met die gevolg dat geen sinvolle ontledings vir die groepe moontlik was nie.

Tabel 1 reflekteer die inkomste van gegradueerdes wat voltyds werk volgens werkgewersektor en beroep. Afsonderlike tabelle word ook vir mans en vroue verskaf.

Benewens beroep en werkgewersektor word die inkomste in tabelle 2 tot 8 ontleed volgens geografiese gebied, posvlak, werkervaring, werkure, ekonomiese sektor, geslag en bevolkingsgroep. In hierdie tabelle word die subtotale nie vir al die beroepe gegee nie. Die beroepsopskrifte geld dus nie noodwendig vir die beroepe wat daarna volg soos die geval in tabel 1 is nie.

Die studierigting en kwalifikasievlak waarna in tabel 9 verwys word, is dié van 'n persoon se hoogste kwalifikasie. Sou die persoon meer as een kwalifikasie op dieselfde vlak behaal het, is die persoon se jongste kwalifikasie vir die indeling gebruik.

TABLE 1(a)

MEDIAN INCOME OF GRADUATES WORKING FULL TIME ACCORDING TO EMPLOYER SECTOR AND OCCUPATION

TABEL 1(a)

MEDIAANINKOMSTE VAN GEGRADUEERDES WAT VOLTYDS WERK VOLGENS WERKGEWERSEKTOR EN BEROEP

EMPLOYEES: PUBLIC SECTOR

WERKNEMERS: OPENBARE SEKTOR

OCCUPATION	MEDIAN #			SALARY				PACKAGE		BEROEP
	A	E	H	N**	25%	Me	75%	N	Me	
11 ENGINEER, ARCHITECT & RELATED	40	16	42	655	77400	102000	117100	586	133100	INGENIEUR, ARGITEK & VERWANTE BEROEPE
111 ENGINEER	41	17	42	446	79700	103400	123600	409	140000	INGENIEUR
•Chemical engineer	33	9	41	16	54900	84900	123100	14	103700	•Chemiese ingenieur
•Electrical engineer and related	33	10	40	99	72800	99000	125800	91	139900	•Elektriese en verwante ingenieur
Electrical engineer	42	18	38	46	91200	111100	134200	45	152400	Elektriese ingenieur
Electronic engineer	30	6	41	53	65300	86000	110500	46	119000	Elektroniese ingenieur
•Agricultural engineer	37	14	45	13	84000	101800	111200	12	147400	•Landbouingenieur
•Mechanical engineer	31	8	42	67	64300	91000	121000	60	120000	•Meganiese ingenieur
•Civil engineer	43	20	42	236	91900	107700	123100	219	146000	•Siviele ingenieur
117 ARCHITECT AND RELATED OCCUPATIONS	39	15	40	194	73700	96200	111200	162	123200	ARGITEK EN VERWANTE BEROEPE
•Architect	46	19	39	38	84500	102600	111200	32	131700	•Argitek
•Quantity surveyor	44	20	38	33	91000	101000	111200	30	136800	•Bourekenaar
•Town and regional planner	34	10	40	109	69300	82000	109800	90	109100	•Stads- en streeksbeplanner
